

## **Whatever survives of the innermost me**

*All Poems by Elisabeth Eybers*

### **Displaced Person**

Whatever survives of the innermost me  
contains you too, unfailingly,  
South Africa. But the traditional lore  
seems less persuasive than before  
they chose to bisect your proper name

by calling you *Africa*, where, on the whole,  
disaster plays an alarming role  
quite foreign to what I recollect  
and cherish as a sancrosanct debt.

South Africa, while you disappear  
I try to keep your status clear  
by claiming that you're exempt from blame.

### **Uitgewekene**

Wat ook al in my binnenste agterbly,  
Suid-Afrika, jy hoort feilloos daarby.  
Om die inherente geheuetaak  
nog onaanvaarbaarder te maak  
noem hulle jou hier somaar *Afrika*.

Onreg en honger en opstand speel  
'n omvattende rol in die groot geheel  
en het niks, maar hoegenaamd niks te maak  
met die herinneringe wat my bewaak

en wat ek bewaak. Terwyl jy verdwyn,  
Suid-Afrika, hoed ek die heilige skyn  
en kom jou nooit ofte nimmer te na.



## Immigrant

My hands and feet are all that came along,  
the rest somehow got scuppered on the way:  
the woozy heart, the whole foolhardy throng  
of ductless glands raring to go astray.

Comparing what has disappeared with what  
surrounds me here, I readily embrace  
brand-new impressions, sound and light, the lot:  
sense-organs occupying a rightful place.

My breast and belly also indicate  
that something else existed previously.  
Who knew that emptiness creates such weight  
or what a burden non-constraint can be?

## Immigrant

Niks as my hande en voete het ek hier,  
die res het met die oortog soek geraak:  
die katswink hart, die prikkelbare klier,  
wat moet mens bowendien met hulle maak?

Om wat verlore is te vergelyk  
met die omringende, om klank en lig  
te gryp sonder te luister of te kyk  
het ek tog nog sintuie aan my gesig.

Ook aan my bors en buikruimte gewaar  
ek dat daar vroeër wel iets anders was.  
Wie het geweet dat leegte ooit so swaar  
sou word en onbelemmerdheid so 'n las?